Hoekom moet ons die boek lees?

Soos al die profetiese boeke, bevat MALEAGI waarskuwings asook beloftes. God se kinders ontwikkel soms klip-harte vir mekaar en Hom. Die boek Maleagi kom wys vir ons God se regverdige maar sagte hart wat ons klip harte wil verander ter wille van ons eie geluk en voorspoed voor die HERE.

Wie het die boek geskryf en wanneer?

MALEAGI 1:1 verklaar " 'n Woord van die Here aan Israel deur Maleagi. " Die naam MALEAGI beteken "My boodskapper." Die tempel is klaar herbou (516vC) maar die volk begin weer leef soos destyds. Maleagi bring die boodskap van die HERE tussen 515 en 450 voor Christus.

Aan wie is die boodskap gebring?

Die volk het teruggekeer vanuit die ballingskap, ongeveer 50 000 mense leef in die omgewing. Hulle beleef teëspoed en droogtes en hul moed is gebreek. Maar in plaas van terugkeer na die HERE, leef hulle soos ongelowiges: trou met ongelowiges, skei hul gelowige eggenotes, beoefen godsdienstigheid sonder 'n sagte en warm hart vir die HERE en leef nie met 'n oop hand voor die HERE nie (in terme van die tiendes). Ook vir ons weerklink die waarskuwings itv ons huwelike, finansies en omgee vir weduwees en wese.

Wees op die uitkyk vir:

Maleagi is die laaste boek in die Ou Testament. Hierna volg ongeveer 400 jaar stilte (in terme van Bybelboeke) voor die koms van Jesus Christus, die Verlosser van die wêreld. Sien raak in dié profetiese boek die laaste paar verse waarin 'n ELIA-figuur (Jesus as Messias) beloof word.

Die onderstaande twee grafieke verduidelik die datering van die profeet asook die indeling van die hooftema's van MALEAGI